# Sentraal Ring ~ Predikantebyeenkoms

Goeiedag aan ons mede-Vrystaatse NG Kerkgenote!

Dié *nuut-saamgestelde ring* se leraars het Dinsdag 24 April, reeds vir ‘n tweede keer heerlik by ***Arizona Lodge*, Senekal**, saamgekuier. Twaalf van vyftien leraars was teenwoordig en iemand het opgemerk dat onse *sentrale potholliestreek* se ring lekker gekuier het rondom ons *kerkwees*... en in heel moontlik *een van die hormonigste tye van ons geskiedenis!*

*Nuwe leraars is in die ring verwelkom en ons het ruim twee uur spandeer om pastoraal en as medegelowiges mekaar* (*opnuut*) *weer binne kerk-en gemeentekonteks te leer ken en te hóór.*

*Daar is natuurlik gewerk en ‘n stuk goeie raad was dat dit goed sal wees as ons meer ‘in liefde by die waarheid bly om met mekaar op weg te gaan*’ *en nie sommer net altyd voorgee dit gaan* ‘*baie goed*’ *nie!? Ons is tog álmal op ‘n groei-en leerkurwe. Buitendien, die dominee is nie só belangrik as wat óns* (*of sommige lidmate*) *dink nie. Dikwels verras gemeentes/lidmate ons met geestelike verantwoordelikheid ~ sónder ‘n dominee!*

*Met ‘n* ***wandel in die Woord*** *van* ***Jes 60:1-3****, is belangrike* ***insigte met mekaar gedeel*** *- as ‘n verstaan van sowel die teks as die Vrystaatse Kerk se* ‘*Lig in die duisternis,* ***hier vir God, mekaar en die wêreld***’. *Ons besef opnuut ons is uitgekies* ***met*** *en* ***vir*** *dié Lig, wat alle duister om ons in die wêreld moet verdryf! Ongelukkig sukkel ons soms om te gló dat God mý/óns gemeente in dié diepe duisternis kan gebruik. Maar selfs met mostertsaadgeloof stuur Hy ons ~ sy liefdesvinger-kerk ~ die duister in tot sy eer!*

*‘n Groeiende invloed is die kleingroepe met ‘n openheid van assosiasie* (*eerder as geografiese dwang*). *Kleingroepe vorm geborge tuistes waar gesinne, wyke en vriende gevoed word met die evangelie. Daarby is dit verblydend dat al meer leraars en gemeentes vrede maak met die feit dat ons klein(-er) as stadsgemeentes is. Al verg dit stylaanpassings, is die geduldige aanvaarding van ons Here se pad in, met en deur kléíner gemeentes baie belangrik: juis ook as ons deel in die op-en uitbou van sy koninkryk.*

*Die invloed van ‘n toenemende charismatiese bedieningstyl moet nie buite rekening gelaat word nie.*

‘*Groot predikers*’ *preek dikwels net maar diesélfde Bybellering as die plaaslike leraar, maar dan word dit ‘vir die eerste keer’ gehoor. Tog moet ons juis dan gerat wees om nuwe gelowiges te laat* ***tuiskom*** *in* ***die plaaslike gemeente*** *en hulle verder te begelei in suiwer, Skrifgetroue geloofsgroei. Hier groei die belangrikheid van* ***ekumene*** *en* ***praktiese handevat*** *vir die plaaslike geloofsgemeenskap van Christus.*

*Ons kan (sal) lidmate geborge maak met ‘n* ‘*teologie van teenwoordig wees*’. *Kom daar twyfeltye en* ***al vóél ons oorweldig en ‘onmagtig’, stáán in Christus en lééf jou geloof tot oorwinning in die Naam van Jesus!*** *In die kerk se huidige konteks is dit juis die beste wyse om God se omvattende liefde vir verloregaande mense te weerspieël . . . as* ‘*Lig in die duisternis,* ***hier vir God, mekaar en die wêreld***’.

*In pas met die Kerk, kon ons smaaklik eet en interessante gesprekke is gevoer oor bv.* ***visitasie*** *en die aard van ons* ***ringsitting****. Die korrekte volgorde in ‘n beroepingproses is met ‘n nagaanlys toegelig, terwyl ons ook ander administratiewe sake kon hanteer.*

*Ons het informeel afskeid geneem van iemand wat vir jare diep spore in die streek en in die kerk getrap het,* ***ds Hennie Smit*** (*Paul Roux*). *Hy emeriteer DV einde Mei 2018 en ons wens hom en sy gesin God se rykste seën toe vir die toekoms*.

“*Ontvang die seën van die Here!*” *Só, met ‘n herinnering aan die verhaal waar dissipels onsuksesvol was in die uitdryf van ‘n bose gees en Jesus dit dan gesagvol doen, word ons uitgestuur met die wete dat* ‘*sulke dinge net met gebed gedoen kan word*’. *As* ‘*die hel los is in Mafikeng en Durban*’ en ons ‘n einde wil maak aan sinlose geweld, moet ons *ernstig bid tot ons troue Vader. Intussen bly ons* God se ‘***lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld***’. So groet ons tot ons DV op 15 Augustus mekaar biddend in Winburg by die Ringsitting sal ontmoet.